8 Mei 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 9

e Hervormer

www.hervormer.co.za

In hierdie uitgawe...

Voorblad
Kerknuus:
Beroepenuus
Nuus oor predikante
Bedieningsnuus
Advertensies en kennisgewings

Voorblad

MASSABYEENKOMSTE

Die media het die afgelope weke wyd gerapporteer oor die 60 000 mans wat bymekaargekom het op die plaas van mnr Angus Buchan. Hy het ook bekendheid verwerf deur die swakkerige film wat deur Regardt van den Berg vervaardig is, *Faith like potatoes*. In die polemiek wat gevoer is, het mense hoog opgegee oor die impak wat dit op hulle lewens gehad het of op die lewens van eggenote wat die byeenkoms bygewoon het.

Aan die ander kant was daar ook negatiewe reaksies, maar dan veral uit die geledere van twyfelaars en spotters. Hierdie voorbeeld van godsdienstige byeenkomste sal waarskynlik vra om dieper ontleed te word vir ons tyd en die behoeftes van mense. Ons maak hier enkele voorlopige opmerkings:

- Daar is klaarblyklik mense wat groot behoefte het aan sulke massabyeenkomste as 'n besondere vertoning of demonstrasie van die godsdienstige motief daarvan.
- Ons sou kwalik net negatief daarop kon reageer in 'n tyd waar die gebrek aan wesenlike waardes en opregte godsdienstigheid en die gepaardgaande ontaarding van die gemeenskapslewe ons wêreld kenmerk.

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/-skakels:
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za
Hervormer webwerf - www.hervormer.co.za
e-Hervormer - www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! - www.hervormer.co.za/page04.html

E-posadresse:
Redaksie - epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte - nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die *e*-Hervormer word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Teken in op *e*-Hervormer...

Teken in op *e*-Hervormer en ontvang elke uitgawe per e-pos!

Stuur 'n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en kliek op die 'Teken in'-opsie.

- Ons kan maar net hoop en bid dat dit nie bly by ’n tydelike emosionele opwelling van godsdienstige ervaring nie. Die werklike toets sal natuurlik kom in mense se daaglikse belewing van en bekering tot die evangelieboodskap en die dra van vrugte wat by die geloof pas.
- Tog kan ‘n mens kwalik anders as om jou verbasing uit te spreek oor die geweldige impak van die dag se boodskap. Soos gerapporteer deur onder meer Neels Jackson, was dit darem werklik nie aardskuddende of selfs diep ‘prediking’ nie. Is dit waaraan sommige (dalk die meeste) mense behoefte het?
- Ons sal seker maar voorlopig die gevolgtrekking moet maak (wat ook niks nuut is nie) dat daar verskillende smake is ook vir godsdiensbelewing en dat geen kerk of groep aan alle smake sal kan voldoen nie.
- Ons sal in die Hervormde Kerk waarskynlik nooit so ’n soort massabyeenkoms kon ‘stage’ nie.

– ***Prof Piet Geyser***

Sperdatum vir berigte, advertensies en kennisgewings

Lesers moet asb daarop let dat alle berigte, advertensies en kennisgewings vir publikasie in die e-Hervormer voor **dinsdae om 17:00** gestuur moet word aan *nuus@hervormer.co.za* . Insette wat later as hierdie spertyd ontvang word, sal eers in die volgende week se uitgawe verskyn.

Kerknuus

BEROEPENUUS

► **Beroep ontvang**

Ds Johnny Young van Vanderbijlpark-Suid na Rustenburg-Tuine

Ds Gerhard Viviers van Roedtan (deeltyds) na Laeveld

Ds Gerhardt Stoltz van Koedoesrand na Magaliesburg

Terug na Voorblad

Prop Jasper van der Westhuizen na Hendrina/Breyten-kombinasie.

Ds Stephan Hoffman van Warmbad na Port Elizabeth (deeltyds)

Ds David Barnard van Horison Roodepoort na Midrand (deelversorging)

► **Beroep aanvaar**
Ds Hans Britz van Kriel na Outjo/Otjiwarongo

NUUS OOR PREDIKANTE

► **Ds Tienie Grobler**, emerituspredikant, is op 24 April na ’n lang siekbed oorlede. Hy het steeds op Clocolan gewoon waar hy sy laaste gemeente bearbei het. Dr Johan Nel het die begrafnis op 26 April waargeneem vanuit die NG Kerk Clocolan.

► **Ds Marius Venter** het die afgelope week die soveelste rugoperasie in die Pretoria-Ooshospitaal ondergaan. Hy is tans medies ongeskik verklaar. Die Kerk se voorbidding word vir hom en sy vrou gevra.

► **Mev Ria van Staden**, eggenote van wyle ds Hendrik van Staden, is die afgelope week oorlede. Sy het die afgelope jare in Kaapstad gewoon.

► Die broer van d**s Adriaan Roets,** Steve Roets, is op 24 April na ’n lang siekbed oorlede. Die begrafnis, op Woensdag 30 April, is deur ds Wessel Swart waargeneem vanuit Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies.

Terug na Voorblad

► **Prof Theuns Dreyer,** voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en Hoof van die Hervormde Teologiese Kollege, vertrek op 10 Mei na Europa op 'n studiereis. Prof Dreyer sal ook gesprek voer met verteenwoordigers van die Protestantse Kerk in Nederland (PKN; die Hervormde Kerk in Nederland is deel van die PKN). Hy sal plekke besoek waar hy as jong predikant sy doktorale studie gedoen het, en ook 'n dag of wat vakansie hou. Sy vrou Marthie, dogter (ds Anet Dreyer-Krüger) en skoonseun (Frikkie Krüger) maak die reis mee.

► **Prof Theuns Dreyer** neem op Donderdag 8 Mei om 10:30 deel aan 'n openbare teologiese debat oor die vraag: ***Doen die Afrikaanse kerke genoeg om rassisme in eie geledere te bestry?*** Dit vind plaas in die Inligtingstegnologiegebou saal 2-27 op die kampus van die Universiteit van Pretoria. Ander deelnemers is mnr Neels Jackson, godsdiensverslaggewer van *Beeld*, prof Piet Meiring, afgetrede dosent in Godsdiens- en Sendingwetenskap en voormalige lid van die Waarheids- en Versoeningskommissie, en dr Johan Pienaar, moderator van die Noordelike Sinode van die NG Kerk.

► **Ds Peet Esterhuizen**, predikant van Gemeente Wonderboom, vier op Sondag 11 Mei sy 25ste ampsjubileum. Ds Dries Beukes, predikantslid van die Kommissie van die AKV, sal by die geleentheid namens die Kommissie en die Kerk gelukwense aan ds Esterhuizen oordra.

► **Ds Heinrich Botha** en sy vrou word op Sondag 11 Mei deur Gemeente Evander ontvang. Ds Botha word in sy standplaas bevestig en lewer daarna sy intreepreek. Die standplaas het vakant geraak met die vertrek van ds Hannes Wolmarans na Secunda. Ds Botha was deeltydse predikant van Gemeente Klerksdorp-Doringkruin.

BEDIENINGSNUUS

■ Gemeente **Swellendam** vier oor die naweek van 15 en 16 Junie sy 50ste bestaansjaar. 'n Gedenkblad word by die geleentheid uitgegee. 'n Handgeskrewe Bybel deur lidmate word aan die kerkraad oorhandig. Verskeie boodskappe sal gelewer word. Voormalige lidmate van die gemeente sou die feesviering kon bywoon, maar hulle moet asseblief vooraf met ds Thomas Joubert in verbinding tree by swellendam@nhk.co.za of 082 753 1037.

■ Gemeente **Port Elizabeth** het die afgelope week ds Stephan Hoffman van Warmbad beroep. Die gemeente is geruime tyd vakant sedert die vertrek van ds Lewis Strauss en sy gesin na Bloemfontein. In die vakante tydperk is eredienste feitlik deurgaans deur predikante van die NG Kerk waargeneem. 'n Belangrike opboufase lê nou vir die gemeente voor en groot verwagtinge word gekoester rondom die beroep.

■ Gemeente **Ogies** het toestemming ontvang om 'n benoemingstandplaas te skep. Die gemeente wil graag gebruikmaak van die dienste van ds Marna van der Westhuizen rondom kategese en kinderkerk. Ds Robbie Pienaar werk deeltyds in die gemeente en dit gaan goed met die bediening. Groot dank is aan ds en mev Pienaar verskuldig vir die kosbare werk wat hulle doen.

■ Gemeente **Wonderboom-Suid** het toestemming ontvang om sy standplaas te wysig na deeltydse bediening. Die gemeente is geruime tyd vakant sedert die emeritaatsaanvaarding van dr Hendrik Breytenbach. Dit gaan goed in die gemeente en die getalle groei steeds. Die kerkraad het reeds begin met beroepswerksaamhede.

■ **'n Brief uit Zimbabwe**

Die volgende skrywe is van ouderling Rinus Graü van Harare ontvang waarin iets beskryf word van wat lidmate deurmaak:

Ek hoop dit gaan net so goed met julle as hier met my en Bev. Dinge is nog swaarder, maar ons hou moed en wag vir die groot dag van verandering om aan te breek. Intussen hou ons maar styf vas aan ons geloof dat die Here niks buite sy plan vir ons elkeen sal toelaat nie.

Terug na Voorblad

Oom Herman (81) en tannie Baba (75) is van hulle plaas verdryf en is besig om te reël om na hulle seun in die RSA te gaan. Hy is glo naby Ermelo. Die twee en oom Herman se 89 jarige skoonsuster wat saam met hulle op die plaas gewoon het, is heeltemal geïntimideer en, verstaanbaar, baie ongesteld.

Die aanvallers wat hulle beroof het (geen ander woord daarvoor nie), het al hulle bates gekoop teen die prys van een bees. Oom Herman was so in die hoek dat hy maar die verkoopsbrief geteken het in die wete dat hulle lewens in gevaar sou wees indien hy weier. Hulle sal kan doen met bystand en 'n skouer om 'op af te laai.' Hy is te bevrees om hier te sê wat eintlik op die plaas gebeur het en hou vol dat hulle hom sal vermoor as hy praat. Dit is 'n groot skok wat hulle albei deur is en dit is glad nie goed dat hulle nie daaroor praat nie.

Tannie Lenie Botha (oumatjie – 89 jaar oud) is nou weer by haar kleinkinders afgelaai maar ek is bevrees dat Charmaine nie eers vir haarself en haar kinders kan sorg nie, dus probeer ek Oumatjie ompraat om na 'n ouetehuis te gaan. Sy's hardekwas hieroor, maar ek gee nie sommer op nie. By voorbaat sê ek dankie vir jou hulp in dié saak.

Intussen gaan die versorging van lidmate voort. Groot dank word betuig aan soveel gemeentes en lidmate wat finansieel hulp verleen met die aankoop van kos. Ds Annerie Conradie besoek volgende week die lidmate in Harare en ds Hein Kloppers die week daarna die lidmate in die Bulawayo omgewing.

Advertensies en kennisgewings

- **Die volgende vergaderings vind in die komende week plaas:**
  - Die Kommissie van die ADV vergader op Saterdag 10 Mei om 08:00
  - Die NHSV Hoofbestuur vergader ook op Saterdag 10 Mei om 08:30
  - Die Raad vir Sentik vergader op Maandag 11 Mei om 10:00
  - Die Ondersteuningsraad se Bestuur vergader op Woensdag 14 Mei om 09:00

- **RINGSVERGADERINGS 2008**

Die volgende ringsvergaderings vind plaas:

- Germiston op 11 Mei te Elsburg
- Losberg op 10 Mei te Randfontein-Midpark
- Noordelike Pretoria op 9 en 10 Mei te Grootvlei
- Oos-Kaapland op 10 Mei te Port Elizabeth
- Potchefstroom op 11, 12 en 13 Mei te Potchefstroom-Suid
- Potgietersrus op 10 Mei te Koedoesrand
- Pretoria op 11, 12 en 13 Mei te Pretoria-Oos
- Vereeniging op 10 Mei te Vanderbijlpark
- Zuurfontein op 10 Mei te Makarios

- **GHOLFDAG: Gemeente Brakpan**

Op 14 Mei vind Gemeente Brakpan se jaarlikse gholfdag plaas by State Mines Country Club, geleë te Hewittweg 30, Brakpan-Noord. Daar word daarna uitgesien dat lidmate en vriende van die gemeente sal deelneem.

Terug na Voorblad

Verskeie mense vanuit alle vlakke van die samelewing sal deelneem: sakemanne, nyweraars, persone vanuit die openbare sektor en normale verbruikers. Daarom is dit vir die gemeente ’n voorreg om individue, firmas en maatskappye uit te nooi om deel te neem. Hulle kan ook hulle produkte/dienste adverteer by die gemeente en kan promosiemateriaal verskaf.

Inskrywingsvorms kan van die onderstaande adres verkry word.

Teen die geringe fooi van R190 per speler kan deelnemers die dag afsluit met ’n volledige ete en ’n prysuitdelingsgeleentheid.

PIETER UYS
Tel 011 740 9678
Faks 011 740 3181
e-pos: pieteruys@lantic.net

• SENDINGKONFERENSIE 2008

Predikante, lidmate en alle belangstellendes word uitgenooi na ’n gesprek oor evangelisasie en gemeenteontwikkeling in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Dit vind plaas op 8 Mei by Gemeente Wapadrant, Pretoria.

Daar is geen koste aan die konferensie verbonde nie. Ter wille van etes, laat weet asseblief hoeveel mense dit sal bywoon, deur Clarika Hattingh te skakel by 012 322 8885 (tussen 08:00 en 13:00).

09:00-09:30	OPENING, VERWELKOMING EN BEKENDSTELLING VAN SPREKER Dr J Beyers en prof IWC van Wyk
09:30-10:20	*DIE STAND VAN EVANGELISASIE IN DUITSLAND* Dr M Nietschke, Duitsland
10:20-10:40	TEE
10:40-11:30	BESPREKING
11:30-12:10	GEMEENTEONTWIKKELING IN DIE NED HERVORMDE KERK VAN AFRIKA Dr JC van der Merwe, NHK Kemptonpark-Oos
12:10-13:00	BESPREKING
13:00-13:40	ETE
14:00-15:00	INLIGTING OOR DIE APOSTOLAAT IN DIE NHKA Dr WA Dreyer, Sekretaris vir Apostolaat, NHKA
15:00	AFSLUITING

• **Gemeente Parkrand** in Boksburg wag aansoeke in vir die vulling van ’n vakante orrelispos. Dienste moet op 1 Julie 2008 begin. Belangstellendes kan CV's faks na 011 896 5272. Die kontakpersoon is Ina van Rooyen by tel 011 896 3112 van 08:00 tot 13:00.

Terug na Voorblad

HARTBEESPOORT Die basaar van die jaar met die tema **BOSVELDBASAAR**, wat weer eens deur die Hervormde Gemeente Schoemansdal in Hartbeespoort aangebied word, sal groot aftrek kry en die organiseerders beloof dat dit vanjaar werklik die grootste en beste basaar sal wees wat nog ooit ten suide van die Magaliesberge aangebied gaan word.

Die kerkkompleks en kerkwerf van Gemeente Schoemansdal bo in Maraisstraat op die hoek van Scottstraat gaan die plek wees om te besoek op Saterdag 31 Mei. Dit het jaarliks al ’n groot tradisie in Hartbeespoort en die omgewing geword.

Kom na ’n egte BOSVELD-belewenis. Die basaar word gehou by die eerste kerk op die hoek van Marais- en Scottstraat te Schoemansville, Hartbeespoort. Kom na die Bosveldbasaar van die jaar. Onthou, die pret begin om 09:00. Moenie hierdie basaar misloop nie!

Vir verder inligting skakel Henri Verrips 012 420 2945 of die kerkkantoor 012 253 146 (tussen 08:00 en 12:00 elke dag).

DIE 45STE NASIONALE KONGRES VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE SUSTERSVERENIGING VIND PLAAS OP 3, 4 & 5 JULIE 2008 IN DIE AULA, UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, LYNNWOODWEG 264, PRETORIA.

DIE EREPRESIDENT, ERELEDE VAN DIE VERENIGING, PREDIKANTSVROUE WAT DEUR HULLE ONDERSKEIE TAKKE AFGEVAARDIG IS, VOORSITTERS VAN TAKKE WAT NIE PREDIKANTSVROUE IS NIE, VROUEPREDIKANTE VAN DIE KERK WAT DEUR HULLE TAKKE AFGEVAARDIG IS EN HOOGSTENS TWEE AFGEVAARDIGDES VAN ELKE TAK, LEDE MET ADVISERENDE STEM (WAARNEMERS), LEDE MET SPREEKREG (ALLE BELANGSTELLENDE VROUELIDMATE) EN DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE KERK OF SY VERTEENWOORDIGER, WORD HIERMEE NA DIE NASIONALE KONGRES OPGEROEP.

Terug na Voorblad

● FONDSINSAMELING: 'N GELEENTHEID VIR 11 GEMEENTES!

PRYSE OP DIE SPEL: 2 gelykstaande pryse ter waarde van meer as R75 000!
Dit is: Twee jagpakkette wat elkeen bestaan uit: 1 gemsbok (trofee gewaarborg), 1 hartbees (trofee gewaarborg) en een koedoe. Verder word daar verblyf (etes ingesluit) verskaf vir elkeen van die wenners van die pakket en nog drie addisionele persone, vir 'n volle week in 'n luukse jagkamp in Namibië wat spesialiseer in oorsese jagters.
KOSTE VAN KAARTJIES: R100

HOE KAN GEMEENTES IN DIE WINS DEEL?
Gemeentes wat wil inkoop by die geleentheid kan dit doen teen 'n bedrag van R6000-00. Vir dié bedrag sal ons aan hulle 300 kaartjies gee om in hulle gemeente te verkoop. (As die kaartjies verkoop is, kan hulle vir nog kaartjies vra.) Verder sal daardie gemeente een persoon kan trek om deel te neem aan die finale trekking. Daar sal nie meer as 12 gemeentes wees wat deelneem nie, dus het die gemeentewenner 'n een uit 12 kans om een van die 2 wenners te wees.

'n Gemeente moet dus net 60 kaartjies verkoop voordat hulle begin om wins te maak. Alle geld wat ge-in word deur die verkoop van kaartjies is vir die kas van daardie spesifieke gemeente. Gemeentes wat hierin inkoop, het dus 'n geleentheid tot 'n kompetisie met 'n baie groot prys terwyl hulle byna geen risiko hoef te dra nie.

TREKKING
Die name van die gemeentewenners moet op die laatste op 13 Junie by Rustenburg-Suid wees, aangesien die finale trekking op 15 Junie sal plaasvind. Die onderskeie gemeentewenners hoef nie noodwendig teenwoordig te wees met die finale trekking nie, maar is uiteraard welkom. Die jagpakket kan tydens die Julie-vakansie geneem word.

Kontak ds Hannes van der Merwe of die sekretariële beampte van Gemeente Rustenburg-Suid vir meer inligting.

TELEFOON: 014 592 6900 / 014 592 4785 E-POS: nhrbsuid@mweb.co.za
FAKS: 014 592 6900

● BYBELS-CHRISTELIKE KUNSUITSTALLING 30 MEI – 1 JUNIE 2008

GEMEENTE RUSTENBURG-SUID

***"...om jou ver-beeld-ing te gebruik, is om beeld van God te wees"* – Nelus Niemandt**

Die mens as beelddraer van God moet ook iets van God se kreatiwiteit uitleef. Kreatiwiteit getuig dat God aan die werk is. Vandag werk kommunikasie al hoe meer met beelde. Ou waarhede kan met andersoortige, kreatiewe beelde nuwe betekenis in die lewe van mense bring. Die Bybels-Christelike kunsuitstalling van Gemeente Rustenburg-Suid is 'n poging om op 'n ander manier God se Woord te kommunikeer en mense die geleentheid te gun om hulself as beeld van God op nuwe maniere uit te leef.

U word hartlik uitgenooi om die kunsuitstalling by te woon in die kerksaal te Kockstraat 153, Rustenburg. Die opening sal plaasvind op Vrydag 30 Mei om 19:30 waar u saam met ons kunswerke kan besigtig en 'n ietse te ete of drinke kan geniet. Saterdag 31 Mei sal die saal ook oop wees vir besigtiging tussen 10:00 en 13:00 asook Sondag 1 Junie tussen 11:00 en 12:00.
Enigiemand is welkom om self 'n kunswerk in te skryf vir die uitstalling. Inskrywingsgeld beloop R10 per item en u kan soveel kunswerke bring soos u wil. Die tema moet egter Bybels-Christelik wees. Beeldhouwerke, sketse en skilderye is welkom. Indien moontlik, moet werke vooraf geraam word en moet kunstenaars hul eie netjiese esel saambring. Skryf asseblief vir ons 'n kort uiteensetting van die simboliek van u werk of 'n Bybelvers op die inskrywingsvorm sodat dit vir elkeen by die uitstalling betekenis kan dra.

Terug na Voorblad

Daar gaan nie kunswerke op die uitstalling self verkoop word nie, maar u naam en telefoonnommer sal by u kunswerk aangebring word sodat belangstellendes u kan kontak in verband met pryse, ensovoorts. Alle inskrywingsvorms MOET voor Maandag 26 Mei per hand of per e-pos (nhrbsuid@mweb.co.za) die gemeente bereik en kunswerke MOET Donderdag 29 Mei voor 18:00 by die kerksaal afgelaai word.

to care foundation

- **Projekbestuurder**

Die *to care foundation* is 'n gemeenskapsontwikkelingsmaatskappy wat die gemeenskapswerk van die Nederduitsch Hervormde Kerk bemark en befonds.
Aansoeke word ingewag vir die pos van Projekbestuurder by die *to care foundation*. Die suksesvolle kandidaat sal projekte in agtergeblewe gemeenskappe bestuur.

Vereistes

- *Graad/diploma in ontwikkelingskommunikasie of 'n verwante rigting*
- *Ervaring in projekbestuur en/of bemarking sal 'n aanbeveling wees*
- *Taalvaardigheid in Afrikaans en Engels moet goed wees*
- *Kennis van 'n swart taal sal 'n aanbeveling wees*
- *Rekenaarvaardigheid is baie belangrik (Word/Excel/Powerpoint/ Publisher)*
- *Goeie mensvaardigheid*
- *Basiese finansiële bestuur*
- *Bestuurderslisensie*
- *Moet bereid wees om rond te reis en ook in informele nedersettings te werk*

Taakomskrywing

- *Bestuur van bestaande en identifisering en inisiëring van nuwe gemeenskapsprojekte*
- *Skryf van projekplanne en voorleggings vir donateurs*
- *Reël en bestuur van fondswerwingsgeleenthede ('event management')*
- *Skakeling met donateurs en eienaars/bestuurders van individuele projekte*
- *Bestuur van kantoor*
- *Samewerking met die uitvoerende beampte*

Belangstellendes kan aansoek doen
deur 'n volledige CV by mev Elsie Brits
in te handig voor of op 16 Mei 2008.
Faks 086 630 5147
elsie@nhk.co.za of jlj@oribi.co.za
Posbus 2368, Pretoria 0001
Tel 012 322 8885

- **Administratiewe pos**

Aansoeke word ingewag vir bogenoemde pos te Pretoria. Die suksesvolle kandidaat sal oor die volgende vaardighede beskik:

- *Hantering van alle telefoonnavrae (insluitend 0860-lyn)*
- *Ontvangs, ordening en liassering van korrespondensie in oorleg met direkteur*
- *Tikwerk soos en wanneer nodig*
- *Hantering van kleinkas en 'n basiese boekhoustelsel daarvoor*

Terug na Voorblad

- *Aankoop/aanvra van kantoortoerusting, skryfbehoeftes en ander benodigdhede*
- *Reël van lokaal en verversings vir vergaderings*
- *Skakeling met kliënte (ekstern) en rolspelers (intern) ten einde die kantoorbestuur te laat vlot*
- *Opstel (indien moontlik), tik, versorging en versending van voorlegging aan potensiële donateurs*
- *Hulp (redelikerwys) met die aanbied van 'events' soos, wanneer en waar dit plaasvind*
- *Opstel en opdatering van 'n jaarbeplanner en kantoordagboek*
- *Hantering van diverse admininstratiewe take soos van tyd tot tyd deur die direkteur en die projekbestuurder aan haar opgedra*

Vereistes

- *Absolute minimum : matriek maar dan slegs indien gepaard met 1-2 jaar toepaslike ondervinding*
- *Taalvaardigheid in beide Afrikaans en Engels, praat, lees en skryf baie belangrik*
- *Mensvaardigheid. In staat om goeie verhoudings te vestig en te bou*
- *Inisiatief. Die vermoë om te kan werk sonder om voortdurend vertel te word*
- *Rekenaarvaardigheid. Word, Excel, Powerpoint 'n vereiste, en enige ander grafiese program kan 'n aanbeveling wees.*
- *Kwalifikasie en/of ondervinding in kommunikasie en/of bemarking sal 'n besliste aanbeveling wees.*
- *Organisasievermoë. Moet kantooropset goed kan orden en bestuur*

Belangstellendes kan aansoek doen
deur 'n volledige CV by mev Elsie Brits
in te handig voor of op 16 Mei 2008.
Faks 086 630 5147
elsie@nhk.co.za of jlj@oribi.co.za
Posbus 2368, Pretoria 0001
Tel 012 322 8885

INSTITUUT VIR KERKMUSIEK IN SUID-AFRIKA (IKSA)
DIPLOMA IN HIMNOLOGIE

Die Instituut vir Kerkmusiek in Suid-Afrika bied vanjaar weer die Diplomakursus in Himnologie aan.
Die eerste ontmoetingsgeleentheid in Pretoria is op **Saterdag 17 Mei** vanaf 08:00 tot 14:00.

Die kursus is gerig op predikante, orreliste en belangstellende lidmate. Enigeen kan dus inskryf.
Dit strek oor twee jaar met twee ontmoetingsgeleenthede per jaar en 'n werkstuk wat ingedien word.
Die kursusgeld is R600 per persoon per jaar. Kerkrade word versoek om hulle predikante en orreliste in te skryf.

Oorsigtelik behels die kursus die volgende:

Eerste jaar
'n Oorsig oor die ontwikkeling van musiek in die Christelike kerk.
Die plek en funksie van die lied in die erediens – 'n teologiese begronding.
Liturgiese vernuwing in die 20ste eeu.

Terug na Voorblad

Tweede jaar
Die inhoud van die *Liedboek van die Kerk*.
Agtergrond van kerkliedere en nuwe vorme.
Eietydse behoeftes en die wyse waarop daarin voorsien kan word.
Die sinvolle beplanning van die erediens.
Die rol van simboliek in die erediens en die verband met die kerklied.
Die rol van die kantor en kantory.

Skakel met: Dr Elsabé Kloppers iksa@absamail.co.za of kerkmusiek@nhk.co.za
Tel 012 996 0431 en 012 322 8885 X229 (Maandae)

- **Markdag by Gemeente Alberton**

'n 'Markdag' word vir Saterdag 31 Mei, beplan. Die verrigtinge begin reeds om 07:00 met 'n egte boere-ontbyt waar pap, boerewors, varkkaiings, hoenderlewertjies, eiers volgens jou smaak, gebraaide uie en tamaties en tuisgebakte brood met egte botter en konfyt bedien sal word. Deur die dag sal van alles en nog wat te koop wees: pannekoek, jafels, kerrie en rys, nagereg, lekkers en nog baie ander eetgoed wat die smaakkliere sal kielie. Daar sal selfs 'n biertuin wees. Verder is daar verskillende speletjies om jou vaardigheid te toets en tussendeur stal die SAPD, Metropolisie, brandweer, veiligheidsdienste, sekuriteitsmaatskappye en Eskom (mits ons krag het) uit. Vir die kinders is daar die geleentheid om interaktief deel van die uitstallings te wees. Ondersteun asseblief hierdie projek van Gemeente Alberton by die kerkterrein , Tweede Laan 82, Florentia, Alberton. Vir navrae en bestellings kan u Pieter Schreiber (082 332 4252), Winnie Mulder (083 212 4693) of Tienie le Roux (083 590 2261) bel. U kan ook meer hoor by ds Pieter Viljoen (082 927 5035).

Terug na Voorblad